# Kain en Abel

## Genesis 4

Lees hierdie week se gedeelte uit die Bybel. Dit is die verhaal van Kain en Abel. Klink die twee name miskien vir jou bekend? Hulle is natuurlik Adam en Eva se eerste kinders. Kom ons antwoord nou die volgende vragies oor vers 1-16:

1. Wie is eerste gebore, Kain of Abel?

_____________




2. Watter tipe boer was Kain en watter tipe boer was Abel? (trek die naam na die regte prentjie)



Kain

Abel




3. Wie se offer het God aangeneem? (kleur die regte blokkie in)

| Kain | Abel |
| --- | --- |

4. Hoe het die ander boetie toe gevoel? (omkring die regte gesiggie)









5. Wat het Kain toe aan Abel gedoen?

________________________________________

________________________________________

Nadat Kian vir Abel doodgemaak het, het God met hom gepraat en vir hom gevra waar sy broer is en later wat hy gedoen het, maar Kian was nie eerlik met God nie. Hy kon nie aan God erken wat hy gedoen het nie.

Dink eers hieroor voordat jy verder lees:

Hoekom dink jy wou of kon hy nie aan God erken wat hy gedoen het nie?

Kian was seker bang of skaam gewees, want hy het geweet hy het iets verkeerd gedoen. Het jy al iets verkeerd gedoen? En as mamma of pappa jou daaroor vra was jy nie eerlik nie, want jy was bang of skaam daaroor? Dit is hoe Kian moes voel.

Maar God het geweet wat Kian gedoen het en hy straf hom toe – ons lees dit in vers 10-12. Verder in vers 13 en 14 lees ons dat Kian sê sy straf is te swaar om te dra en dat iemand wat hom gaan raakloop hom sal vermoor. Met ander woorde, Kian besef wat hy aan sy broer gedoen het sal ander mense aan hom ook kan doen.

> Dit laat my dink aan Matteus 7:12. Daar staan die volgende:
> "[12a] *Alles wat julle will hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen."*

God is dan genadig teenoor hom en maak sy straf ligter – lees dit in vers 15.

Wat ons uit hierdie gedeelte moet leer is dat ons moet eerlik wees met God. God weet klaar wat ons verkeerd gedoen het, maar ons moet nogsteeds teenoor God erken, uit ons eie uit, wat ons gedoen het. Ons doen almal sonde en ons almal het swakhede, daarom het God vir Jesus gestuur om ons straf vir ons te dra. Daardie dag, toe Jesus aan die kruis gesterf het, is al ons sonde en swakhede vergewe. Maar ons moet aanhou vir God sê as ons iets verkeerd gedoen het en ons moet aanhou ons swakhede erken voor God en vra dat Hy ons vergewe. Ja, dit is soms moeilik om dit te doen, maar wanneer jy dit doen, sal jy ook ophou skuldig voel daaroor en jy sal kan aanbeweeg. En onthou, ons moet ook probeer om nie weer die verkeerde dinge te doen nie en ons moet God elke dag vra om ons daarmee te help.